NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 20
23 Junie 2022

# Suksesvolle publikasies is altyd ’n spanpoging

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Om ’n gereelde nuusbrief saam te stel, is ’n verrykende ervaring. Jy bly deurentyd bewus van gebeure in jou gemeenskap en van die lotgevalle van jou mense. Al kuier ons steeds minder as voor 2020, weet ons op dié manier steeds van mekaar se doen en late.**

Om ’n nuusbrief oor en vir jou gemeenskap en mense saam te stel, is ook ’n uitmergelende taak. Deurgaans hoor jy van die lief en leed, die lag en trane, die vreugde en pyn van jou mense. Soms wil jou hart breek as jy hoor van kollegas en medelidmate wat tot onlangs nog sterk en positief was, wat nou begin moed verloor, ouer word, siek word, wegkwyn...

Maar om so ’n nuusbrief en ander publikasies saam te stel, is soms ook ’n groot uitdaging. Sommige mense wil niks van hul doen en late laat publiseer nie; ander wil graag hul lewens met lesers deel; en vir die samestellers is dit nie altyd maklik om die regte en net genoeg besonderhede te bekom nie.

Ons weeklikse elektroniese nuusbrief is maar een van die NHKA se bestaande publikasies. Ons bedien as’t ware ’n smorgasbord van inligting: kommentaar oor aktuele sake of inspirerende narratiewe op die voorblad; vinnige brokkies om lidmate en ander belangstellendes ingelig te hou oor die lief en leed van ons mense; besonderhede oor vakante werkruimtes vir predikante en proponente; inligting oor samesmeltings van gemeentes en ringe; lusmakers vir publikasies van die NHKA en die NHSV, asook vir ander boeke wat by die sinodale boekwinkel beskikbaar is; besonderhede van behuising wat deur die NHKA se diakonale diensorgane en ander instansies bestuur word; bemarking van gemeentelike fondsinsamelings en enkele private adverteerders; elke keer ’n besondere gedig; soms ’n snaakse of diepsinnige allegaartjie; en as afsluiting, ’n gebed.

Al die NHKA se publikasies is produkte van noue en toegewyde samewerking tussen lede van die onderskeie redaksies. Die verskillende redakteurs dra die finale verantwoordelikheid vir hul spesifieke publikasie, maar met die insette van hul redaksielede, en die skeppende werk van die drie oorblywende voltydse personeellede van Kerklike Kommunikasie (voorheen SENTIK).

Hierdie produkte sluit in *Die Hervormer*, *Blitspos*, die Almanak, die Bybelse Dagboek, die NHKA se webblad en Facebook-blad, die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*), kategeseboeke en Bybelstudiegidse, en die gedagtes wat daagliks op die webblad en Facebook geplaas word.

Soms hoor ons dat iemand sê “niemand lees *Die Hervormer* nie, want die artikels is te swaar”, en dan moet ons vra: “Wanneer laas het jy ’n uitgawe gelees?”.

Dat hierdie skeppings met baie denke gepaardgaan, is gewis. Byvoorbeeld: In Junie 2019, kort voor die bekendstelling van die NHKA se nuwe webblad in Augustus 2019, het ons begin om daagliks ’n gedagte van die dag op Facebook en die webblad te plaas. In Mei 2021 was daar (’n enkele) skerp kommentaar op ’n gedagte van die dag, naamlik ’n aanhaling van die woorde van Moeder Teresa. Toe besluit ons om vanaf Junie 2021 ’n gedagte uit die betrokke dag se dagstukkie in die Bybelse Dagboek te gebruik, wat dan direk by die betrokke Facebook-plasing van die dagstukkie verskyn. Dit keer dat die soeke na ’n gepaste, inspirerende nuwe Bybelteks in ’n soort hinkspel ontaard, en gee ook sommer ’n tikkie blootstelling aan ons Bybelse Dagboek.

Ek is bevoorreg om sedert Maart 2004 by al die Kerk se publikasies betrokke te wees, en wat my altyd verras, is die vriendelike en goedgesinde samewerking van die onderskeie redaksies. Natuurlik verskil ons soms, maar altyd met lojaliteit teenoor mekaar en met begrip vir die verwagtinge en versugtinge van ons lesers. Dit sluit veral ook in waardering vir en inskakeling by die etos van ons kerklike gemeenskap. Altyd en veral met die besef: Hierdie werk doen ons nie vir ons eie eer en aansien nie – ons weet immers in Wie se diens ons staan.

**Tessa Oppermann**
**Kerklike Kommunikasie**

# Lief en leed



Ds Kobus Müller



Mnr Japie Bacon



Ds Bernard Prinsloo en Lize Nel



Nico en Suané Rens



Dr Gerhard Niemann



Prof Jerry Pillay

- Emerituspredikant **ds JJP (Kobus) Müller** (82) is Maandag 20 Junie oorlede as gevolg van hartversaking. Die roudiens op Vrydag 24 Junie om 11:00 vanuit Gemeente Swartkop sal gelei word deur ds Dries Beukes. Ons innige simpatie gaan aan mev Jubie Müller, sy kinders en hul familie. Ds Müller was naas die gemeentes waar hy as predikant voortreflike bediening gedoen het, ook van 1977 tot 1988 Weermagkapelaan in die SA Weermag. Hy was ’n besonder kleurvolle persoon met die vermoë om beskrywende taal te gebruik.

- **Mnr Japie Bacon** (62), broer van ds Marius Bacon (emeritus/Rust der Winter), is Saterdag 18 Junie oorlede weens ’n aneurisme. Die roudiens vind plaas op Donderdag 23 Junie om 11:00 vanuit Gemeente Swartkop. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Angelique, hul kinders en die familie.

- **Mev CM (Tienie) Koekemoer**, weduwee van prof PJT (Theo) Koekemoer wat in 2014 oorlede is, is tans in die hospitaal weens longontsteking. Ons bid haar spoedige herstel toe.

- **Mev Trudie Joubert**, vrou van ds Henk Joubert van Welgelegen-Pietersburg, is Dinsdag 21 Junie in die hospitaal opgeneem weens ’n groot opbou van vog in die brein. Vir drie tot vier dae sal die drukke in die brein gemeet word om die grootte te bepaal van die stent/pompie waarmee die omleiding gedoen sal word om die vog te dreineer. Daarna sal sy nog minstens sewe dae lank in die hospitaal wees. Ons bid haar algehele herstel toe.

- Ons is dankbaar om te kan berig dat **ds HJ (Henk) Labuschagne** van Silverton uit die hospitaal ontslaan is en dat dit beter met hom gaan. Ons bid hom algehele herstel toe.

- **Ds Bernard Prinsloo** (Onverwacht) **en Lize Nel** het Saterdag 18 Junie verloof geraak. Lize, ’n apteker in Pietersburg, is die kleindogter van prof Malan Nel van UP. Die paartjie is al langer as drie jaar in ’n verhouding. Baie geluk!

- Ds Dawie en Jeanett Jacobs (Dolfynkus/Durban-Suid) gaan vir die eerste keer oupa en ouma word. Baie geluk aan **Nico en Suané Rens** en die toekomstige grootouers!

- **Dr Gerhard Niemann** is op 1 Junie tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV gelegitimeer. Hy het teologie aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom studeer en die grade MDiv, MTh en PhD in Pastoraal verwerf. Hy besit ook kwalifikasies in sielkunde en menslike hulpbronbestuur, met grade wat hy aan onder meer UNISA, die Universiteit van Johannesburg en Arden Universiteit in Engeland verwerf het. Hy was vir agt jaar bedienaar van die Woord in die Gereformeerde Kerk. Die afgelope vier jaar bedryf hy sy eie sielkundepraktyk in Potchefstroom en Vanderbijlpark. Dr Niemann het ’n groot passie vir prediking en pastorale bediening. Hy is getroud met Annemie en het twee kinders, Germie en German. Annemie is ’n dosent aan die NWU in Tekstielkunde en Mode. Hulle bly tans in Potchefstroom en is diensbaar in Gemeente Wonderfontein.

- **Prof Jerry Pillay**, dekaan van UP se Fakulteit Teologie en Religie, is verkies as nuwe algemene sekretaris van die Wêreldraad van Kerke (WRK), met ingang van 1 Januarie 2023. Die algemene sekretaris dien as die WRK se hoof- uitvoerende beampte, lei die WRK se werk, en aanvaar finale verantwoordelikheid vir die WRK se werk en personeel.

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (79) (emeritus/Klerksdorp)
  - Sondag 26 Junie: Ds Y (Yolande) Kruger (49) (Pretoria-Oos)
  - Dinsdag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (63) (emeritus)
  - Donderdag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg) (77) (emeritus)
  - Vrydag 1 Julie: Di MM (Marlize) Gasson (40) (Benoryn) en M (Maryka) Potgieter (39) (Witfield)

# Gemeentes en bediening

- **Dr GJ (Gerhard) Niemann** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Wonderfontein (deeltyds). Hy het die beroep aangeneem en word op 31 Julie daar bevestig.



Ds Theuns Botha

- Die Kommissie van die AKV het **ds TL (Theuns) Botha** se aansoek om emeritaat op 31 Julie 2022 goedgekeur. Ds Botha het in 2017 siekte-emeritaat aanvaar.

- Die Kommissie van die AKV het tydens hul gewone vergadering aan die begin van Junie 2022 verskeie **besluite rakende ringe en gemeentes** geneem:

  - Die Kommissie het kennis geneem van **Gemeente Krugersdorp** se besluit om die gemeente te ontbind.
  - Die ontbinding van die **ring van Heilbron** is bekragtig. Die betrokke gemeentes skakel soos volg in by aangrensende ringe:
    - Gemeentes Bethlehem, Heilbron, Reitz, Sasolburg, Sasolburg-Suid en Vaalpark word by die ring van Vereeniging ingedeel.
    - Gemeente Clocolan word by die ring van Bloemfontein ingedeel.
    - Gemeente Parys word by die ring van Potchefstroom ingedeel.
  - **Gemeentes Vredefort en Potchefstroom-Noord** smelt saam.

- Die NHKA gaan in 2022 weer deelneem aan die **Kerkspieëlprojek**.

- Die Kommissie van die AKV het benadruk dat die **bewaring van spesifieke dokumentasie** 'n nakomingsplig is wat deur wetgewing en die argiefbewaringsbeleid gereguleer word. Elke gemeente moet noukeurig 'n lidmaatregister en doopregister op datum hou. Sodra die Kerk se nuwe Xtranet geaktiveer is (doeldatum 30 Junie 2022), sal 'n brief aan gemeentes gestuur word met aanwysings om elektroniese dokumente aanlyn te laai. Die Kommissie doen 'n beroep op gemeentes en kerkrade om notules op datum te hou, dit behoorlik te onderteken en notuleboeke gereeld aan die Kerkargief oor te dra. Waar konsolidasie van gemeentes of ringe plaasvind, moet die kerkordelike reëlings soos in Ordinansie 2.9.4 uiteengesit streng nagevolg word, en moet die kerkraad of ringskommissie persone aanwys wat die tersaaklike dokumente onderteken en binne 'n redelike tyd aan die Kerkargief oorhandig.

- Die Kommissie van die AKV het bevestig dat die **73ste AKV** by die NG Gemeente Wonderpark sal plaasvind. Die Kommissie is tevrede dat die sekuriteitsrisiko's nie te groot is nie en dat die nodige maatreëls in plek is om die veiligheid van afgevaardigdes en hul eiendom te verseker. Indien dit nodig sou blyk, kan die AKV tydens die sitting verdere maatreëls in plek plaas.

- Die Kuratorium het besluit om die benaming van die **HCM Fourie-erepenning** te verander na die **Kuratorium-erepenning**. Die Kuratorium sal egter die HCM Fourie-erepenning by die 73ste AKV uitreik, terwyl die erepenning voortaan as die Kuratorium-erepenning toegeken sal word. Die motivering hiervoor is dat geen name van persone aan die Kuratorium se toekennings gekoppel word nie.



- **Gemeente Stellenbosch** vier vanjaar hul **50ste bestaansjaar** en nooi al die vorige predikante, oudlidmate en ander belangstellendes na die **Feesdiens op Sondag 24 Julie** om 11:00. U is ook welkom om **Saterdag 23 Julie** by hul **Potjiekosdag** op 'n nabygeleë wynplaas te kom saamkuier. Navrae kan gerig word aan dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za**.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Seestergemeente Brackenhurst.** Die gemeente beskik vanaf 1 Julie 2022 oor 'n **voltydse werkruimte** vir 'n predikant. Seester Brackenhurst is 'n voorstedelike gemeente en omvat die woonbuurte Brackenhurst, Brackendal, Brackendowns, Meyersdal, Mayberrypark en Albertsdal. Daar is tans 482 lidmate, waarvan 372 belydend is.

  Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV en 'n persoonlike profiel. Die kerkraad behou die reg voor om die kortlys vir onderhoude na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot. Gekeurde aansoekers sal ná die sluitingsdatum genooi word vir onderhoude. Die kerkraad behou die reg voor om, indien daar geen geskikte kandidate is nie, weer die pos te adverteer.

  Die vergoeding is volgens die Kerk se riglyne, en 'n gedetailleerde pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

  **Die sluitingsdatum vir aansoeke is verleng tot 24 Junie 2022.** Stuur asseblief u aansoek aan mev Nadia Oosthuizen by **nhkbrack@ananzi.co.za**. Navrae kan gerig word aan oudl Gerhard van Niekerk by 082 461 2428.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Randfontein Midpark**. Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA om hierdie werkruimte **voltyds** te bedien. Die versorgingsriglyn is die traktementskaal 5-6 jaar.

  **Gemeenteprofiel**: Die gemeente bestaan sedert 1987 en is een van twee NHKA-gemeentes in Randfontein. Die sieletal is tans ongeveer 240. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n gemiddelde ouderdom van 53 jaar. Die gemeente beskik oor 'n moderne, doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, kategeselokale, saal, kombuis en netjiese tuine. Verder beskik die gemeente oor 'n ruim, gerieflike pastorie.

  **Leraarprofiel**: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente verwag van aansoekers om 'n erediens in die gemeente waar te neem en die volgende vraelyste te voltooi en terug te stuur: Persoonlike inligting; MBTI-persoonlikheidsprofiel; en Spiritualiteitstipe.

  **Aansoeke sluit op 30 Junie 2022**. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, **nhkerkmidpark@afrihost.co.za**. Die kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Mafeking en Gemeente Zeerust.** Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die NHKA, verkieslik in die traktementskaal 1-4 jaar, word ingewag vir die vul van die **voltydse werkruimte** vir Gemeente Mafeking en Gemeente Zeerust (met kontrakverbinding), wat op 1 Junie 2022 vakant geraak het.

  **Gemeenteprofiele:**
  **Gemeente Mafeking** is die enigste Hervormde gemeente in die Mafeking-distrik, en is deel van die ring van Zeerust. Die gemeente is in 1929 gestig en het tans 'n sieletal van 121 lidmate. Die ouderdomsprofiel is redelik versprei met die meerderheid in die ouderdomsgroep bo 40 jaar. Die gemeente beskik oor infrastruktuur wat bestaan uit 'n kerkgebou, kombuis, kerkkantoor, kategeseklasse asook 'n pastorie. Die gemeente is bekend vir hul eredienste, samewerking en ondersteuning in die gemeenskap.

**Gemeente Zeerust** is die enigste Hervormde gemeente in die Zeerust-distrik, en is deel van die ring van Zeerust. Die gemeente is in 1870 gestig en het tans ’n sieletal van 146 lidmate. Die ouderdomsprofiel is redelik versprei met die meerderheid in die ouderdomsgroep bo 40 jaar. Die gemeente beskik oor infrastruktuur wat bestaan uit ’n kerkgebou, saal met ’n kombuis, kerkkantoor asook ’n pastorie en ander persele. Die gemeente is bekend vir hul eredienste, samewerking, ondersteuning en projekte in die gemeenskap.

**Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van ’n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeentes ononderhandelbaar. Moet verkieslik in die traktementskaal van 1 tot 4 jaar wees. Moet die bediening in die gemeentes dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in die erediens omgaan met ’n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste. Moet sinvol as leier en deel van ’n bestuurspan kan funksioneer. Daar kan van die aansoekers verwag word om teen vergoeding soos per voorgeskrewe riglyne, gedurende die vakante tydperk eredienste waar te neem.

**Posbeskrywing:** Dit is ’n voltydse werkruimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf word. Gemeente Mafeking sowel as Gemeente Zeerust moet bedien word. Vergoeding, reiskoste, medies en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale hanteer word, met inagneming van die aansoeker se aantal diensjare. Behuising is beskikbaar in Mahikeng.

**Aansoeke sluit op 30 Junie 2022** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV en gestuur word aan die Skriba, by **hervmaf@gmail.com**. Meer inligting kan bekom word van Gys van der Merwe, by 082 553 0194. Die kerkraad behou die reg voor om, indien so besluit, nie een van die aansoekers te beroep nie, of ’n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om ’n CV aan die kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeentes Goudveld, Odendaalsrus en Kroonstad.** Kom leef jou roeping uit as predikant in die Vrystaatse Goudvelde. **Gemeente Goudveld**, gesetel in Welkom, is vakant. Die kerkraad was in ’n bestaande ooreenkoms met **Gemeente Kroonstad**. Deur sy voelers wyer te strek, het **Gemeente Odendaalsrus** ook besluit om deel te word van die pakt. So het daar ’n drieledige ooreenkoms tot stand gekom. (Dit mag wees dat ander gemeentes binne die Vrystaatse Goudvelde later deel kan word van hierdie pakt.) Die ooreenkoms stel die kerkraad van die NHKA se Gemeente Goudveld in staat om ’n **voltydse leraar** te beroep.

Belangstellende geordende en/of gelegitimeerde predikante vir wie die etos van die NHKA belangrik is en wat kerkordelik in dié Kerk predikant kan en mag wees, word uitgenooi om hulself as geroepenes beskikbaar te maak vir hierdie bedieningsruimte. Kontak hiervoor asseblief die voorsitter van die Beroepskommissie (Lydia) of die sekretariële beampte (Daniël) **voor of op 30 Julie 2022.** Met die oog op die samestelling van ’n groslys, mag dit moontlik wees dat belangstellendes uitgenooi kan word tot ’n gesprek en/of vir die lei van ’n erediens. Die kerkraad behou hom die reg voor om nie verplig te wees om enige van die belangstellendes te beroep nie. Alle belangstellendes sal in kennis gestel word van die uitkoms.

**Voorsitter van Beroepskommissie**
Lydia McIntyre 071 471 4514

**Sekretariële Beampte**
Daniël Pieterse 076 473 9045
Gemeentekantoor 071 647 6587
E-pos: **welkomnedherv@gmail.com**

## Vergaderings

- Donderdag 23 Junie: ADV-webinaar




## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- **Motsepe-stigting: Inligtings- en Geleentheidsekspo**
  **Dinsdag 28 Junie om 09:00 in Sandton**
  *Unlocking opportunities that address youth unemployment*
  Registrasie sluit Donderdag 23 Junie
  Uitnodiging vir 5 Gauteng-gebaseerde deelnemers uit die NHKA
  Registreer ***hier***
  Kry meer inligting ***hier***

- Lees ***hier*** op LitNet die artikel *Die historiese ontwikkeling van die monnikewese in die Middeleeuse Latynse Weste, byeengebring vanuit die mees onlangse literatuur* van **prof Johann Beukes**, voormalige predikant van die NHKA. Prof Beukes is tans verbonde aan die Departement Filosofie en Klassieke van die Universiteit van die Vrystaat.



- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor ’n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in ’n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## ’n Gedig

**Stellenbosch**

Het ek dit as kleuter op Stellenbosch gehoor,
die winterreën van die Boland suisend teen die ruite?
En het ek dit onthou in my Vrystaatse grootwordjare
en vermoed dit is my plek tot op die dag
toe ek as jongmens langs Victoriastraat
op ’n reëndag onder my sambreel
glashelder geweet het hier is ek tuis?

Die lente is vlugtig soos ’n eerste liefde
en die somer duur te lank in hierdie warm land
soos ’n liefde wat voorgehou word vir die skyn
wanneer die tyd daarvoor bestem, verstreke is.

Dis net in die beleë herfs en die verstilde winter
dat jy weet hoe diep jou liefde lê
vir ’n mens of vir ’n plek; dis in die winter
as dit reën op Stellenbosch
dat ek weet dat my liefde vir dié plek
’n liefde vir alle seisoene is.

**Lina Spies**
(Uit: *Tydelose gety*, 2010)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

- **Rata se Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste se jaarlikse Gholfdag vind vanjaar op **23 Augustus by Silver Lakes Golf & Wildlife Estate** plaas – dit is hul agtste Gholfdag. Rata vra vir ondersteuning in die vorm van vierbalinskrywings, borgskappe en pryse. Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting kan aangevra word van Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

- Rata **DRIVE for a CHILD Gholfdag-kompetisie**. Ondersteun kinderbeskerming en staan 'n kans om 'n **VIERBAL ter waarde van R4 600** te wen by Rata se Gholfdag op 23 Augustus. Vierbal, twee gholfkarretjies, middagete en aandete by die prysuitdeling ingesluit. **Inskrywingsfooi slegs R100.** Stuur asseblief bewys van elektroniese betaling aan **fin@rata.org.za**. Kontak Annelle by 064 437 5997 vir meer inligting.
  **Bankbesonderhede**
  Rata
  Absa tjekrekening 020 600 209
  Takkode 632 005

## Allegaartjie

"Die mens is van nature, in sy natuurtoestand, nou eenmaal gebonde aan 'n perspektief: *sy* eie een kykie op die wêreld. Hy is 'n 'man met 'n flits', wat nooit die hele donkerte rondom hom kan sien nie – telkens net 'n smal baan, helderder hoe nader aan homself, vaer na verder toe, en afgesluit deur die omringende donker agter en óm alles." (NP van Wyk Louw, uit *Liberale nasionalisme*, 1958)

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**


- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 13 teen R465 400. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.




- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Oggendgebed

Wees met my vandag, my Heer.

Liewe Heer,
vestig nuwe drome en nuwe hoop diep in my siel,
laat my moeë gees herleef:
Wees met my vandag.
Mag alles wat ek vandag doen,
met u hulp volbring word.

O Heer,
wees aan my sy en loop saam met my:
Wees my toevlug vandag.

Amen.

**https://sharecatholic.com/blog/category/prayers/morning-prayers**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk